14 Maart 2005

Op Maandag 14 Maart het ons het 'n warm maar produktiewe dag deurgebring en daarmee die kwesbare grafte in Stellenbosch se begraafplaas in Onderpappegaaiberg se ou deel klaar opgeskryf. Daar was ongeveer 200 grafte in die Presbiteriaanse en die Rooms Katolieke gedeelte van die kerkhof. Hierdie begraafplaas is baie verwaarloos. Sommige grafte se name is weg, afgehaal of onleesbaar. Ander is weer erg beskadig. Heelwat van die grafte, veral dié van 'n klompie kinders, is glad nie opgemaak of gemerk nie. Ook die goedversorgde Lutherse begraafplaas is die dag teen die gedokumenteerde register gekontroleer. Behalwe die taklede wil ek ook die Stellenbosse Heemkring vir hul hulp dié dag bedank; die voorsitter, prof Reino Ottermann en ondervoorsitter mev Petrusa Oosthuizen was daar. Fred Deas en Ockert Malan het gehelp met die organisasie terwyl Ben en Senobia Lutz gesorg het vir heerlike en baie welkome verversings; veral ook dankie aan Ian Norval vir die neem van al die foto's.

- Marianne Meyer

Foto van links, agter: Fred Deas, Ockert Malan, Gerhard Geldenhuys, Reino Ottermann; middel: Sasa Malan, Petrusa Oosthuisen, Senobia en Ben Lutz; voor: Marthie du Toit en Marianne Meyer.

30 Julie 2005 Die begraafplaasspan besoek die woltemade Begraafplaas. Met die optel van omgevalle grafstene het Fred en Ockert ’n kragtoer gelewer met die ysterpaal wat Ockert saamgebring het, en hulle sommer gou-gou al die omgevalle stene opgelig. Hierdie paal skenk Ockert aan die begraafplaasprojek en dit word plegtig tot Okkie gedoop.	